

# Nuwe Lied Bediening

En Hy het 'n nuwe lied in my mond gegee, 'n lofsang tot eer van onse Elohiem (Ps. 40:4)

E-pos: [kontak@nuwelielied.info](mailto:kontak@nuwelielied.info)  
Webwerf: <http://www.nuwelielied.info>

## Parashah 34: *B'midbar* (במדבר) – In Die Wildernis

*יהוה* het met Moshe gepraat in die wildernis van Sinai, in die Tent van Ontmoeting, op die eerste dag van die tweede maand, in die tweede jaar nadat hulle uit Egipte uitgetrek het en gesê: Num. 1:1 – PWL<sup>1</sup>

**Torah: Num. 1:1 tot 4:20.**

**Haftorah:** Hosea 1:10 tot 2:22

**Hernieuwe Verbond:** Luk. 22:30; 1 Pet. 2:9; Open. 4:1 tot 11; Open. 7:1 tot 8; Open. 21:12; Luk. 22:26; 1 Tim. 3:1 tot 7; Titus 1:5 tot 9.

Hierdie notas is aanvullend tot die vorige notas vir Parashah 34 wat afgelaai kan word by: [Parashah34Notas14](#) of deur dit aan te vra by [kontak@nuwelielied.info](mailto:kontak@nuwelielied.info).

*Yeshua is die Boom van die Lewe. Wanneer ons Torah bestudeer moet ons onthou dat Yeshua Messias die Lewende Torah is – die Woord van YHVH wat vlees geword het. Hy is die weg na die waarheid wat lewe gee – die Lewende Manna wat uit die hemel gestuur is. Sonder Yeshua wat deur die Afgesonderde Gees in ons, en deur ons lewe, sal die geskrewe Torah net die dooie letter van die wet wees!!*

### Midrash (Torah Bespreking)

Die Griekse vertalers van die Tanakh (die Septuagint) het in die tweede eeu voor Messias die naam Numeri, wat *geteldes* of *getalle* beteken, aan die vierde boek van die Torah gegee op grond van die sensusopname in hoofstukke 1 en 26. Die korrekte en oorspronklike Hebreeuse naam is egter *B'midbar* wat *in die wildernis* (woestyn) beteken. Hierdie naam is meer toepaslik aangesien dit 'n beskrywing is van die bykans 38 jaar wat Israel in die woestyn geswerf het, alvorens hulle die Beloofde Land in besit kon neem.

Daarom kan Num. 9:17 as een van die sleutelverse van hierdie boek beskou word:

*Wanneer die wolk van bo die tent af opgelig word, het die kinders van Yisra'el weggetrek en op die plek waar die wolk stilstaan, daar het die kinders van Yisra'el kamp opgeslaan (PWL).*

In die boek van *B'midbar* gaan ons leer hoe Israel vanaf die voet van die berg Sinai getrek het tot by Kades op die grens van die Beloofde Land Kanaän. In Numeri word die geskiedenis van Israel vertel vanaf die eerste dag van die tweede maand van die tweede jaar nadat hulle

<sup>1</sup> PWL Vertaling (Pad van Waarheid tot die Lewe) kan gratis afgelaai word by [www.padwlewe.ch](http://www.padwlewe.ch)

uit Egipte vertrek het (Num. 1:1) tot en met die 11 maand van die veertigste jaar (Deut. 1:3). Israel se swerftog in die wildernis het begin op die twinstigste dag van die tweede maand van die tweede jaar (Num. 10:11).

Ons gaan in Numeri ook antwoorde kry oor hoekom hierdie reistog hulle so lank geneem het en sodat ons herinner kan word om nie dieselfde foute as Israel van ouds moet maak nie! Soos Paulus dit in 1 Kor. 10:11 en 12 stel:

*Al hierdie dinge het gebeur as voorbeeld vir ons en is opgeskryf as 'n waarskuwing aan ons, want die einde van die wêreld het by ons aangekom. Van nou af, elkeen wat dink dat hy staan, moet oppas dat hy nie val nie (PWL).*

Numeri is ook 'n les in YHVH se getrouheid, en dit ten spyte van Israel se ontrouheid (ongehoorsaamheid). Dit is 'n herinnering dat YHVH 'n getroue Verbondsgod is en daarom sal nie een woord wat Hy gespreek het leeg na Hom toe terugkeer nie!

*Weet daarom dat יהוה, jou God, God is, die getroue Magtige God, wat Sy verbond en Sy onverdiende guns hou tot 'n duisendste geslag met dié wat Hom liefhet en Sy opdragte gehoorsaam, maar aan die wat Hom haat, betaal Hy dit terug in hulle gesig, om hulle te vernietig. Hy sal nie terughou teenoor dié wat Hom haat nie, Hy sal hom in sy gesig terugbetaal. Deut. 7:9 en 10 – PWL.*

*Want soos die reën en die sneeu van die hemel neerdaal en daarheen nie terugkeer nie, maar die aarde deurvotig en maak dat dit voortbring en uitspruit en saad gee aan die saaiër en brood aan die eter; so sal my woord wees wat uit my mond uitgaan: dit sal nie leeg na My terugkeer nie, maar doen wat My behaag en voorspoedig wees in alles waartoe Ek dit stuur. Jes. 55:10 en 11.*

Die land Kanaän wat YHVH met 'n eed aan Abraham, Isak en Jakob belowe het, sal deur Israel in besit geneem word, en dit ten koste van die geslag wat in die wildernis gesterf het, omrede hulle YHVH nie as die getroue verbondsgod vertrou het nie (Num.32:11). Hierdie dien vir ons elkeen as 'n les in die noodsaaklikheid om YHVH in alles te vertrou soos wat die skrywer van die brief aan die Hebreërs ons herinner:

*Sonder vertroue kan geen mens Hom tevrede stel nie, want hy wat nader aan God gebring word, is dit verskuldig om te vertrou dat Hy bestaan en die Beloner is van dié wat Hom soek. Heb. 11:6 – PWL.*

Die gebeure in die boek van Numeri is ook 'n waarskuwing van die gevolge indien ons nie YHVH se woord en Sy beloftes glo nie en daarom dit wat Hy ons beveel nie doen nie.

Numeri is ook bevestiging dat YHVH 'n God van onverdiende guns is. Israel het niks gedoen om die Beloofde Land te verdien, maar YHVH wil Sy eiendomsvolk seën met 'n land waar Hy in hulle midde kan woon en waar die hele Israel as eensgesind volgens YHVH se geestelike- en regeringstruktuur Hom kan dien en oorfloed lewe deelagtig kan wees. Al wat YHVH van Sy volk vereis, is vertroue en gehoorsaamheid. Dit geld steeds vir ons vandag.

Ons gaan ook leer van die gevolge van rebellie teen YHVH se gekose leiers (Num. 16:1 tot 34). Dit herinner ons aan die woorde van Paulus in sy brief aan die Filippense:

*Moenie iets doen uit selfsug of uit ydele eer nie, maar in nederigheid moet die een die ander hoër ag as homself. Fil. 2:3*

Numeri is bevestiging dat YHVH soewerein is en dat Hy selfs 'n pratende donkie in die uitvoering van Sy soewereine wil sal gebruik (Num. 22:28)! Selfs die sekulêre profeet Bileam het geprofeteer van die Messias wat soos 'n ster uit Jakob te voorskyn sal kom (Num. 24:17). Hierdie is ook bewys dat YHVH ons nie nodig het om Sy Meesterplan uit te voer nie, maar dat dit ons is wat Hom nodig het!

Numeri is ook 'n herinnering en bevestiging dat YHVH Yeshua ons voorsiener in al ons behoeftes van gees, siel en liggaam is. In Numeri is ook die getuienis dat Yeshua alleen die ware lewe gee:

*En soos Moses die slang in die woestyn verhoog het, so moet die Seun van die mens verhoog word, sodat elkeen wat in Hom glo, nie verlore mag gaan nie, maar die ewige lewe kan hê.*  
Joh. 3:14 en 15 (Num. 21:9)

Soos Israel van ouds drink ons ook almal vandag uit die geestelike rots, naamlik Yeshua die Messias (1 Kor. 10:4; Num 20:8).

### **Opsommend:**

Exodus en Levitikus kan beskou word as die 'teoretiese-opleiding' van Israel en die priesterdom. Numeri is die begin van die toepassing van dit wat hulle geleer het.

Gedurende Israel se swerftog in die wildernis gaan hulle leer om YHWH vir alles en in alles te vertrou. Hulle gaan leer dat YHVH gewillig en instaat is om in al hulle behoeftes te voorsien. Alle weerstand teen Vader-God se Wil gaan met gehoorsaamheid vervang moet word alvorens hulle as ware bevrydes die Beloofde Land sal kan ingaan. Hierdie swerftog is 'n les in die mislukkings (nederlae, wantroue en ongehoorsaamheid), asook die suksesse (oorwinnings, vertroue en gehoorsaamheid) in Israel se wandel saam met YHVH. Dit is 'n herinnering dat YHVH 'n God van oordeel (strafgerigte) en genade (seëninge) is.

In vele opsigte is Israel se swerftog in die wildernis ook ons swerftog in die wildernis van hierdie wêreld. Kom ons volg Israel se suksese en oorwinnings na, en laat ons leer uit hulle foute (mislukkings en nederlae)!

### **Bepeins of Bespreek**

1. YHVH is in totale beheer van Sy skepping en van elkeen van Sy skepping! Glo jy dit onvoorwaardelik? Rabbi Avi Geller stel dit soos volg: *God guides the ways of all the nations, and on the individual level, every person is guided throughout his life by God! We live our lives with the notion that I just "happen" to be born to these parents, at this place, in this time - so as long as I'm here anyway I might as well enjoy myself! Wrong! You were specifically born to these parents, in this specific place and time, because you have a mission to accomplish and only you are programmed to do this job. Since the beginning of time and until the end of time, there has never been or will ever be someone exactly like you! God runs the world, and each of us has a unique mission on this Earth.*

## **Lev. 1:1 – In die Wildernis van Sinai**

Ons parashah begin met die woorde: *YHVH het met Moshe gepraat in die wildernis van Sinai...* Waarom die wildernis van Sinai? Almal weet tog dat die woestyn 'n wildernis is. Die Hebreëus vir wildernis is *midbar* en beteken ook 'n wye oopte en *onbewoon*. Daarom verduidelik die wysgere van ouds dat elkeen wat homself nie soos 'n wye oopte wat

onbewoond is aan YHVH beskikbaar stel nie, sal nie die wysheid van Torah kan bekom nie. Dit verwys na die gesindheid wat ons elkeen moet openbaar, naamlik 'n bereidwilligheid om by ander te leer en 'n bereidwilligheid om ander ook te leer! 'n Hoogmoedig persoon sal net bereid wees om by diegene te leer wat aansien en bekendheid het, maar die nederige van hart sal bereid wees om selfs by diegene te leer wat minder kennis as hyself het.

Volgens oorlewering het YHVH die Torah aan Israel by die berg Sinai gegee omrede dit die laagste van die berge in die landstreek was. Dit is 'n sinnebeeld dat die wat nederig is, ontvanklik vir YHVH se Torah is. Die hoogmoedige is so selfvoldaan dat daar nie plek vir iets anders is nie!!

*Humility does not mean thinking less of yourself; it means thinking of yourself less – C.S Lewis.*

Miskien omdat die Wildernis juis so 'n sterk kontras vorm met die idilliese Tuin van Eden, word dit die Plek van Openbaringe. Die verlatenheid en leegheid reflekteer die effek van sonde op ons sielrealm, naamlik 'n geestelike droogheid en verlatenheid met geen goeie vrug nie. 'n Wildernis-ervaring wek dikwels 'n honger na die Woord van YHVH. Dit word dikwels die plek waar geestelike ore geopen word.

*Let op, daar kom dae,” verklaar יהוה-God, “wanneer Ek 'n hongersnood oor die land sal stuur, nie 'n honger na brood of 'n dors na water nie, maar eerder om die boodskap van יהוה te hoor en te doen. Amos 8:11 – PWL.*

Torah is YHVH se onderrig, instruksies en wysheid vir ons swerftog deur die wildernis van hierdie lewe. Die wat nederig van hart is en YHVH se Torah soos 'n lafenis in die woestyn ontvang, sal die aanslae van die lewe met blymoedigheid suksesvol oorleef!

### **Bepeins of Bespreek**

1. The Torah is our "radio" giving us the "Instructions for Living from Sky Control": the Almighty Himself. We must make sure our receiver is working properly and we are getting the proper messages! (Rabbi Shlomo Wolbe).

### **Respekvolle Vrees vir YHVH**

*“Net die stam van Levi moet jy nie tel nie en hulle nie per kop onder die seuns van Yisra'el tel nie, maar stel die Leviëte aan oor die tabernakel van die Getuienis en oor al sy bybehore en oor alles wat daarby hoort. Hulle moet die tabernakel dra en alles wat daarby hoort en hulle moet dit bedien en rondom die tabernakel kamp opslaan. Num. 1:49 en 50 – PWL.*

Die Leviëte het, weens hulle getrouheid tydens die goue kalf gebeure, 'n uitgesoekte plek in Israel se samelewing ingeneem.

*Toe Moshe sien dat die volk sonder beheer was, want Aharon het hulle losgelaat; tot die spottende gefluister onder hulle teëstanders; het Moshe in die poort van die kamp gaan staan en gesê: “Wie vir יהוה is, kom na my toe!” Al die seuns van Levi het by hom bymekaargekom. Hy het vir hulle gesê: “So sê יהוה, die God van Yisra'el: ‘Laat elkeen sy swaard aan sy sy sit. Gaan heen en weer van poort tot poort in die kamp en laat elkeen sy broer, sy vriend en sy naaste doodmaak.’” Die seuns van Levi het gedoen volgens die woord van Moshe en daar het op dié dag omtrent drie duisend man van die volk geval. Moshe het gesê: “Maak vandag julle hande vol tot יהוה sodat Hy vandag 'n seën oor julle kan gee, want elkeen is teen sy seun en teen sy broer.” Ex. 32:25 tot 29 – PWL.*

Weens die Leviete se getrouheid en ywer, asook hulle respekvolle vrees vir YHVH, is die verantwoordelikheid vir die versorging van die tabernakel aan hulle toevertrou. Van die hele Israel het die Leviete die naaste aan YHVH se Gemanifesteerde Teenwoordigheid geleef. Die Leviete is deur YHVH afgesonder (geheilig) vir die spesiale taak van die versorging van die tabernakel, want hulle het bewys gelewer dat hulle respekvolle vrees vir YHVH het!

Die Leviete moes ook rondom die tabernakel kamp opslaan en het daarom ook gedien as die bewakers van YHVH se heiligdom.

*Die seuns van Yisra'el moet hulle tente opslaan, elkeen in sy eie kamp en elkeen by sy banier, volgens hulle leërafdelings, maar die Leviete moet kamp opslaan rondom die tabernakel van die Getuienis sodat daar geen toorn oor die vergadering van die seuns van Yisra'el kom nie en die Leviete moet in beheer wees van die tabernakel van die Getuienis. Num. 1:52 en 53 – PWL.*

Daarom is die Leviete ook afsonderlik getel. Daar was 'n duidelike onderskeid tussen die Leviete en die res van Israel!

*“Tel die seuns van Levi volgens hulle vaders se huise, volgens hulle families; almal wat manlik is, van 'n maand oud en ouer, dié moet jy tel.” Moshe het hulle volgens die woord van יהיה getel, soos hy beveel is. Num. 3:15 en 16 – PWL.*

Die Leviete het beide die volk en YHVH verteenwoordig en daarom het hulle ook die taak gehad om die volk in Torah te onderrig (Lev. 10:11). Hulle was die geestelike leiers (Num. 3:5 tot 13).

Hoewel YHVH hulle op hierdie besondere wyse vir hulle getrouheid vereer het, het dit nie gepaard gegaan met materiële vergoeding nie. Hulle het geen grondgebied ontvang nie en kon dus nie rykdom op dié wyse verwerwe nie. Die Leviete is volgens hulle bloedlyn (geslagte; 'sonder hulle eie keuse') aangestel vir hierdie taak, maar het weinig materiële vergoeding ontvang.

Numeri 4 beskryf die diens van die Leviete en hoe die tabernakel en al die toebehore met respekvolle eerbied (heilige ontsag) hanteer moes word. Die Kehatiete was verantwoordelik vir die dra van die verbondsark, tafel met toonbrode, die menorah en die reukoffer- en brandoffer altaar (Num. 4:1 tot 17). Die Gersoniete was verantwoordelik om die bedekkinge van die tent te dra (Num. 4:22 tot 28). Die seuns van Merari was verantwoordelik vir die dra van die style, dwarshoute, pilare, voetstukke en penne van die tabernakel (Num. 3:29 tot 33). Volgens die bevel van YHVH is hulle aangewys, elkeen vir sy diens en sy drawerk (Num. 4:49).

Die Levitiese priesterorde is met die folterdood en opstanding van Yeshua vervang met 'n koninklike priesterdom volgens die orde van Melgisedek. Yeshua is ons ewige Hoofpriester en ons wat aan Yeshua se definisie van 'n dissipel volgens Luk. 14:26 tot 33 voldoen, is die priesters. Ons taak is steeds dieselfde as die van die Levitiese priesterorde, naamlik om met respekvolle vrees die hoog heilige (die volkome afgesonderde) dinge van YHVH te hanteer en te bewaak. Ons is ook aangestel om die volk, naamlik die wat Yeshua as Messias aangeneem het, YHVH se Torah te leer sodat elkeen 'n dissipel (priester) kan word. Dit is wat Yeshua bedoel het toe Hy gesê het: *Gaan dan heen en maak dissipels van alle nasies....en leer hulle om alles te onderhou wat Ek julle beveel het* (Matt. 28:19).

Yeshua het Sy dissipels geleer om Torah te onderhou, naamlik YHVH se Torah soos dit aan Moses gegee is en nie die Fariseërs se verdraaide weergawe van Torah nie, naamlik die leerstellings van mense! Yeshua het gekom om Moses se Torah te bevestig (te bekragtig; geldig te verklaar – Matt. 5:17)! Daarom moes daar 'n nuwe Melgisedek priesterorde ingestel word wat die grootliks korrupte Levitiese priesterorde van daardie tyd moes vervang! 'n Melgisedek priesterorde wat sonder 'n tempel diens kan verrig, want ons is die tempel (1 Kor. 3:16 en 1 Kor. 6:19) waar Yeshua as Hoofpriester ons Middelaar is.

As koninklike priesterdom moet ons ook hierdie woorde van Moses ter harte neem:

*Nogtans, let op na jouself en hou jou lewe ywerig sodat jy die dinge nie vergeet wat jou oë gesien het nie en dat hulle nie uit jou verstand weggaan al die dae van jou lewe nie en maak hulle bekend aan jou kinders en jou kleinkinders. Onthou die dag toe jy voor יהוה, jou God, by Horev gestaan het en יהוה vir my gesê het: 'Vergader die volk by My sodat Ek hulle My boodskappe kan laat hoor sodat hulle **kan leer om My respekvol te vrees al die dae wat hulle op die aarde lewe en hulle hul kinders kan leer.** Deut. 4:9 en 10 – PWL.*

### **Bepeins of Bespreek**

1. Die volgende is ook 'n raak beskrywing van wat bespreek is:

*The elaborate care with which the elements of the Tabernacle were handled reflects a heightened level of reverence, wonder and amazement at the reality of God's presence. When in the presence of the King, the servants of the king conduct themselves with the utmost decorum. The careful dismantling and carrying of the Tabernacle teaches us reverence for God and His holy things. In many modern versions of our faith, reverence for God has been discarded. Reverence, awe and wonder have been replaced with ecstatic, emotionally charged entertainment-worship. Assembly has become a casual affair, more akin to a social event than an encounter with the Divine. What is perceived as easy access to Him through Messiah has diminished the holiness of God in our eyes. This should not be. Messiah's gift should increase our respect, reverence and sense of holy fear for God, not diminish it (First Fruits of Zion, B'midbar, 2011).*

2. Sien ons nog die respekvolle vrees vir YHVH, Die Almagtige, by ons onderlinge byeenkomste? C.H. Spurgeon het profetiese woorde gespreek toe hy die volgende stelling gemaak het: *A time will come when instead of shepherds feeding the sheep the church will have clowns entertaining the goats.*
3. Die woorde van Spurgeon het in ons tyd waar geword en die volgende kort videos is bevestiging daarvan!

<https://www.youtube.com/watch?v=eBpw2oQrvMM>

[https://www.youtube.com/watch?v=BCcGaTRwG\\_4](https://www.youtube.com/watch?v=BCcGaTRwG_4)

[https://www.youtube.com/watch?v=dWeUNoR30\\_0](https://www.youtube.com/watch?v=dWeUNoR30_0)

4. Dit is 'n tragedie dat Rabbyne Judaïsme wat Yeshua as Messias verwerp 'n voorbeeld vir die Christendom is van wat respekvolle vrees vir YHVH behels. So byvoorbeeld word enige geskryf waar YHVH se Naam in voorkom met die uiterste respek hanteer. So ook sal daar in sinagoges bokant die houer (die ark) waarin die Torahrol gebêre word die woorde geskryf wees: *Weet in wie se teenwoordigheid jy staan!* Mag ons elke dag deur

die Afgesonderde Gees herinner word dat ons hele lewe een moet wees waar ons deur die genade in Yeshua in die Teenwoordigheid van YHVH staan!

*Die respektvolle vrees van יהוה is rein: dit hou aan vir ewig; die oordele van יהוה is waarheid: hulle is volkome regverdig. Ps. 19:9 – PWL.*

*Julle wat יהוה respektvol vrees, prys Hom helder en duidelik! Al julle nakomelinge van Ya'akov, eer Hom; vrees Hom respektvol, al die nakomelinge van Yisra'el. Ps. 22:24 – PWL.*

-o-o-o-o-o-o-o-o-

*Ontvang YHVH se Woord met welwillendheid, maar ondersoek self die Skrifte of hierdie dinge die waarheid is (Hand. 17:11).*

Shabbat Shalom.  
Johan.

Epos: [kontak@nuwelielied.info](mailto:kontak@nuwelielied.info)

Webwerf: <http://www.nuwelielied.info>

*Kopieë mag gemaak en gratis versprei word, maar mag nie verkoop word nie. Geen veranderinge mag aan die oorspronklike teks aangebring word en dit dan onder die naam van Nuwe Lied Bediening versprei nie.*